LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

**NUUSBRIEF 19/2026**

## Mnr Gawie sê sy sê...God in ons deur Sy Gees

Ek waag met respek die volgende stelling. Ek dink God en satan kry baie keer erkenning wat hulle nie toekom nie. Dink aan die volgende voorbeeld. Twee jong mense ry in 'n voertuig wat in 'n ongeluk is, een van die jong mense oorleef die ongeluk, die ander nie. Die een moeder sal God dank dat haar kind gered is, die ander moeder blameer God dat haar kind nie oorleef het nie. Blameer ons die Satan wat die dronkbestuurder gestuur het wat die ongeluk veroorsaak het? Ek wonder verder ook, die moeder wat God blameer vir haar kind se dood, het sy God gedank by die geboorte van haar kind? Wie kry vir wat die skuld? Ons as mens is mos lief daarvoor om die skuld op iemand te laai, veral wanneer iets verkeerd loop. Wanneer ons Job lees, lees ons van 'n man wat alles gehad het, maar ook alles verloor het. Hy sê in Job 2:10: "As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?" Hoekom wil ons altyd, die rede soek? Kan ons nie net glo en vertrou nie? In Job 38:2 vra God: "Wie is dit wat besig is om my bedoelinge te dwarsboom met woorde wat getuig dat hy geen insig het nie?" Is ons nie besig om te bedink en redeneer wat bo ons vuurmaakplek is nie? In 1 Kor 13:9 tot 10 lees ons, ons ken maar net gedeeltelik, maar eendag sal dit gedeeltelik uitgedien wees en sal die volledige kom. Met hierdie in gedagte is dit miskien wyser om nie te diep te delf nie, en maar net soos 'n kind te glo en eendag wanneer ons saam met Jesus in die hemel is, kan ons Hom vra. Ek wonder egter of dit dan ook vir ons belangrik gaan wees om te weet?

## Goegieland

Baie dankie vir Woensdag se kleedrepetisie. Dit was beslis 'n geval van "chaos met cowboyhoede" – maar wat 'n fantastiese ervaring! Tussen die danspassies, stofwolke en opgewonde Goegies het ons sommer weer besef hoe spesiaal hierdie kleintjies is. Ons is baie trots op hulle.

**4 JUNIE 2026 PAJAMADA:** Onthou asseblief van ons Pajama-dag op Donderdag, 4 Junie 2026.

**OPEDAG:** Alle ouers word hartlik uitgenooi na ons Opedag op 5 Junie 2026 om 14:30 – 17:00. Kom loer gerus in by ons klasse en deel in die Goegieland-gees.

**OUPA- EN OUMADAG:** Neem asseblief kennis dat die getalle vir Oupa- en Oumadag op Vrydag, 5 Junie 2026 sluit, sodat ons die nodige voorbereidings kan tref.




Baie dankie vir julle ondersteuning en samewerking.

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 2 Junie 2026

- Rugbyliga Kwartfinaal

### 3 Junie 2026

- Skaak Vriendskaplik te Laerskool HM Swart

### 2 tot 3 Junie 2026

- Mini-Hokkiekliniek o/7 tot o/10

### 4 Junie 2026

- Goegieland Pajamadag
- Opedag Inligtingsaand om 18:00 in skoolsaal
- Mini-Hokkiekliniek o/11

### 5 Junie 2026

- Opedag 14:30 tot 17:00

### 6 Junie 2026

- Bergfiets TWK Wedren #1 te Piet Retief
- Landloop te LS Kruinpark

## Die Skakel → Goegieland Konsertkaartjies



# Akademie

Die eksamen is op hande en ons het 'n week vir die finale voorbereiding voor die eksamen. Dit is belangrik dat elke leerder weet wat van hulle verwag gaan word gedurende die eksamen. Elke dag se bietjie werk verseker dat ons reg is vir die eksamen. Kinders moet by die skool wees, in baie vakke word hersiening gedoen om te verseker dat die kinders die werk verstaan, wanneer kinders afwesig is, mis hulle die geleentheid.

# Netbal

Gert Sibande A-Kampioenskappe: Saterdag, 23 Mei 2026, het die A-spanne aan die Gert Sibande-kampioenskappe in Ermelo deelgeneem. Die dogters was slaggereed en het met deursettingsvermoë en trots gespeel. Elke span het hulle harte uitgespeel, en ons is ongelooflik trots op elke speler. Ons is dankbaar vir die unieke talente en harde werk van elke dogter.

Uitslae:
o/10 - 7de plek
o/11 - 7de plek
o/12 - 1ste plek
o/13 - 4de plek

Baie geluk aan al die spelers en afrigters met julle prestasies en sportmansgees.




Die B-spanne se kampioenskappe vind plaas op Saterdag, 30 Mei 2026, by Ligbron Akademie. Sterkte aan elke speler en afrigter. Ons weet julle is goed voorberei en dat julle Goedehoop se naam met trots hoog sal hou.

# Rugby

Baie geluk aan Goedehoop se Eerste-span wat as Gert Sibande Wenners aangewys is met die o/11-rugbyspan as Gert Sibande Naaswenners! Hulle dring deur na die Rugbyliga Kwartfinaal. Ons is trots op julle manne!










| 1 Jun | 2 Jun | 3 Jun | 4 Jun | 5 Jun | 6 Jun | 7 Jun |
|---|---|---|---|---|---|---|
| William Schwab<br>Francois Kruger<br>Leia Zwarts | Ruwan vd Berg<br>Ariana Louw<br>Elrico Swart | Breyten du Preez<br>Shaluney Glen<br>Marelie Koch<br>Louis Korner<br>Jason vd Linde<br>Alex Coles<br>Jané Kasselman<br>Willem Meiring | | Yulia Doubell<br>Tyler Hartzenberg<br>Charlien Liebenberg<br>Dian Schutte | Heinrich Myburg | Jannicke Nel<br>Lara Liebenberg<br>Mienke Grobler<br>Ethan Smit<br>Shamonique Swart |

# Wintersport

Ons wintersport beweeg einde se kant toe, van die spanne is reeds klaar met die seisoen terwyl ander spanne nog aan uitspele moet deelneem. Ons wil baie sterkte sê vir daardie spanne, dit sal lekker wees as ons 'n paar Mpumalanga wenners aan die einde van die seisoen te kan hê.

# Dans

Vrydag, 22 Mei 2026 het Laerskool Goedehoop se dansers teen Laerskool Oranjegloed gekompeteer. Baie geluk aan ons dansers met baie mooi uitslae!

**RHYTHM & MOVEMENT**

**7 & Onder (Vlak 1-2)**
Zeah Joubert - 2de
Alizia van Straaten - 3de

**9 & Onder (Vlak 1-2)**
Handré Carstens - 1ste
Duané Berry - 3de

**13 & Onder (Vlak 2) Seuns**
Handré Carstens - 1ste
Aiden Steyn - 2de
Luan Vosloo - 3de

**11 & Onder (Vlak 1)**
Letitia Koning - 1ste

**11 & Onder (Vlak 2 & Hoër)**
Janeke du Plessis - 3de

**13 & Onder (Vlak 2 & Hoër)**
Melandie Faber - 1ste
Mikayla Smit - 3de

**LATIN**

**7 & Onder (Vlak 1)**
Zeah Joubert - 1ste
Olivia Venter - 3de

**9 & Onder (Vlak 1)**
Janille Kgwadi - 1ste
Shamonique Swart - 3de

**11 & Onder (Vlak 1)**
Letitia Koning - 2de
Larissa Ryners - 3de

**13 & Onder Seuns (Vlak 2)**
Luan Vosloo - 1ste
Aiden Steyn - 2de
Handré Carstens - 3de

**11 & Onder (Vlak 2 & Hoër)**
Janeke du Plessis - 2de

**13 & Onder (Vlak 2 & Hoër)**
Melandie Faber - 1ste
Zoe-Jane Steyn - 2de
Mikayla Smit - 3de

**BALLROOM**

**o/11 Followers**
Larissa Rynders - 2de
Letitia Koning - 3de

**o/11 Leaders**
Aiden Steyn - 3de

**o/13 Followers**
Mikayla Smit - 1ste

**o/13 Leaders**
Melandie Faber - 1ste
Zoe-Jane Steyn - 2de
Luan Vosloo - 3de
















# Dankbaarheid

Ons is hierdie week dankbaar vir ouers wat ons liefhet, ondersteun en altyd daar is vir ons. Ons is ook dankbaar dat ons met vreugde in ons harte gelukkig en bly kan wees.




LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal

Goegie nooi die gemeenskap uit na ons

Jou bloed kan 'n lewe red!

# BLOED SKENK

## BLOOD DRIVE



**DATUM**
**10 Junie 2026**

**TYD**
**12:00 – 18:00**

**PLEK**
**Skoolsaal**
Laerskool Goedehoop

**JOU SKENKING MAAK 'N VERSKIL!**

Kom gee hoop.
Kom gee lewe.

**WORD 'N LEWENSREDDER!**

*Kom ons maak saam 'n verskil!*

BLOEDBANK
GEE HOOP. GEE LEWE.

LAERSKOOL GOEDEHOOP
DOEN JOU BES